

Maandelikse gemeentebrief Januarie 2018

Wees dapper!

Dis 2018! As 'n mens die vorige 2000 jaar uit die prentjie sou haal en jy moes raad gee vir 'n 18-jarige... wat sou jy sê? Dis nogal die vraag waarmee ek ook gesit het toe ek hierdie gemeentebrief moes skryf. Want die begin van 'n nuwe jaar, is nie sommer net nie... dis spesiaal. Soos 'n 18-jarige wat aan die vooraand staan van grootmens word. Ek moes regtig hard dink aan die beste moontlike raad vir ons elkeen hier aan die begin van die nuwe jaar. En toe tref dit my!

In Josua 1:9 is die Here se boodskap aan Josua: "Wees sterk en dapper! Voer al my opdragte uit en jy sal suksesvol wees. Want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan." Hier aan die begin van 2018 kan ek nie aan beter raad dink vir elkeen van ons hier in die Weltevreden-familie as om dapper en vasberade te wees nie.

Ek wonder baie oor tendense. Tendense wys dat ons in hierdie sekulêre wêreld behoort te sukkel om ons kerkbanke vol te hou. Maar keer op keer staan ons verstom hoe die Here in lidmate se harte (en hul beursies) werk, soos wanneer ons een oggend die bankrekening nagaan net om te sien dat iemand 'n groot skenking gemaak het. Ons slaag steeds daarin om 'n rekord-getal kinders in te skryf by iets tradisionels soos 'n kategese- of belydenisklas. Ons sit by eredienste die kerkbanke vol. Ons kry dit reg om nood in ons omgewing te verlig met die uitdeel van kospakkies en omgeepakkies. Ons kry dit maand na maand reg om nié ons begrote tekort te haal nie, maar die tekort te laat krimp. Tendense wys dit behoort nie so te wees nie.

Is dit omdat ons dapper besluite neem by NG Weltevreden? Vir seker! Ek het al in vergaderings gesit en wonder hoe ons die planne gaan uitvoer wat daar gemaak word. Ek het al benoud wakker geskrik oor finansies. Maar ek was nog nooit vantevore so bewus van God se genade en oorfloed as hier by NG Weltevreden nie. En nee, dis nie omdat hier 'n spul rykes woon nie. Inteendeel, met ons fokus op armoede-verligting is die nood tasbaar naby. 'n Mens is nie noodwendig suksesvol ten spyte van jou mislukkings nie, maar dikwels as gevolg daarvan!

Ek sien 'n gemeente wat saamstaan, wat saam dapper besluite neem en wat saam strewende daarna om aan God gehoorsaam te wees. Die kerkraad en kommissies is sprekende voorbeelde hiervan. Daar word gebid oor moeilike besluite. Van vasberadenheid kan jy hulle niks vertel nie. Met 'n blinde geloof en harte vol dapperheid pak ons 2018 met al haar uitdagings aan! Ek nooi jou uit; nee wag, ek daag jou uit – kom vat hande met ons om dapper besluite met vasberadenheid te neem. Want die Here is hier hard aan die werk in ons omgewing, in ons huise en in ons harte.

Hierdie is jou kerk, jou mense, jou plek! Wees dapper saam met ons vir God se koninkryk! Bly aan God gehoorsaam en jy sal suksesvol wees – nie aardse sukses nie! God is hier oral by ons om ons te help! Ons sien dit duidelik raak in NG Weltevreden!

Vir 2018 pleit ek by jou om saam met ons te... Lewe vir die Stad... met dapperheid!

Saret Britz
Gemeentebestuurder